

24 September

Lukas 22:24-30; (Teks: 22:26)

Heerser of dienskneg?

Wat is jou opinie van die koninkryk van God? 'n Verkeerde siening van die koninkryk van God maak mense naywerig op mekaar.

Vir die dissipels was hulle siening aanvanklik soos dié van die wêreld. Hulle twis en wedywer vir 'n belangrike plek in die troonsale van die hemel. Hulle is besig om belangrike portefeuljes onder mekaar uit te deel.

Dit is presies soos die wêreld dit hier op aarde doen. Die heerser-beginsel staan voorop by die wêreld. Magsug en eersug is vir die wêreldling van die uiterste belang. Hoe magtiger, sterker en groter figuur die wêreldling is, hoe meer word hy deur die wêreld geëer.

Jesus leer sy kerk, deur sy dissipels, dat nederige diensbetoon by die kind van God pas. Só moet na die koninkryk van God gekyk word. Wie wil heers, moet bereid wees om selfs die werk van die laagste en onbelangrikste slaaf in die huishouding eers te doen.

Hierin het Christus sy kinders, wat tot die ryk van die Koning behoort, voorgegaan.

Hy het 'n dienskneggestalte aangeneem. Hy het Homself geoffer sodat ons kan lewe.

Deur sy Gees buig Hy nou harte wat wil beding vir portefeuljes, om koninkryksgerig te dink en te doen.

Hoe kyk jy en ek na hierdie lewe? As heerser of as dienskneg?

Sing: Skrifberyming 15:2

Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)